Rietvallei
rondstaan word
Gemeenskapsbetrokkenheid

De Meerpaal Lentemark

12 SEPTEMBER 2026



Julle wonder seker hoekom hierdie artikel verskyn, aangesien hierdie nie ‘n Rietvallei aktiwiteit was nie. Laat my toe om te vertel hoe dit toe wel ‘n Rietvallei aktiwiteit geword het!

Nou ja, dit is 12 September en tyd vir De Meerpaal Aftreeoord se Lentemark. Bertus en Dalena Marx is gevra om die pannekoekstalletjie te hanteer. Margriet van den Berg en ander slaan Vrydagaand 100 liter (5 X 20 liter emmers) deeg aanmekaar.

Bertus en Dalena daag Saterdag vroegdag op met ‘n 4x4 en ‘n sleepwa met toerusting, gasbottels, panne, baie energie en goeie gees. Dalena het al in die middel van Augustus ‘n rooster uitgewerk met tye vir aflosse en meer, maar die plan werk nie. ‘n Klomp Rietvalleiers, oud-Rietvalleiers, kinders en kleinkinders daag by die pannekoektafel op en begin met ‘n spoed bak aan ongeveer 1 250 pannekoeke. Van ons lede is inwoners van De Meerpaal en was reeds bedrywig by ander punte.

Die pannekoek bakkery ontaard in ‘n groot kuier en etery (flops) en niemand (tong in die kies) steur hulle aan Dalena se rooster nie; nou bak en gesels ons!

Bertus hardloop tussen die bakkers rond om stofies aan die gang te hou, raad te gee oor hoe om ‘n pannekoek te “sweis” en ‘n pan of twee tydelik oor te neem as ‘n bakker skielik moet weg. Dit alles terwyl Frans toesig hou en die emmers aandra en leegtap; maar die emmers word net nie leeg nie. Chris word aangestel om seker te maak dat die flops regtig flops is.



Bertus Marx



Annatjie en Sieg Maritz



Frans Scholtz



Chris Delport

So effe na 13:30 is die emmers uiteindelik leeg en die kopers heel tevrede, want die tou het weggeraak en daar is nie ‘n enkele pannekoek te koop nie.

Na ons mening is hierdie ‘n reuse sukses vir De Meerpaal, want ons verneem dat verskeie kos en koeldrank stalletjies ook uitverkoop was.

Buiten die Rietvalleier saamkuier, dink ek dat hierdie ‘n manier is om dankie sê aan De Meerpaal, vir hulle deurlopende goedgunstigheid teenoor Rietvallei. Dink maar aan die beskikbaarstelling van die saal vir ons funksies en gereelde skenkings van klerasie, wat ons weer vir ons gemeenskaps projekte gebruik. So, dis bietjie tyd vir teruggee van ons kant.

Baie dankie aan almal vir julle bereidwilligheid en “kry-dinge-gedoen” houding om te help om ‘n sukses van De Meerpaal se Lentemark te maak.

Groetnis

Tjaart Klaasen
ns Rietvallei se Lente Pannekoekspan



Marietjie Klaasen en Dalena Marx



Klaus Lübbert, Chris Delport, Wim van den Berg en Marlene Maree



Dirk Maree



Jaco, Margriet en Renier van den Berg

Ek wil graag elke Rietvalleier bedank vir hulle belangstelling en veral almal, wat gehelp het met die pannekoek by ons mark vandag. Dit het in 'n heerlike kuier rondom die panne ontaard en amper gevoel soos toe ons nog by Weesgerus gebak het. Baie dankie, waardeer al die hulp.

Margriet van den Berg



Trix en Jaco van den Berg



Dalena en Stefanie



Marietjie en Tjaart Klaasen en Marianne Marnewick – (Oud – Rietvalleier)




Gerda en Nikita de Wagenaar

Haringverkopers




Renier van den Berg en Hennie Engelbrecht



Ansie Delport en Anne-Marie Engelbrecht



Linda van Vuuren



Jan de Wagenaar



Pieter le Roux



Elmarie le Roux